STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

7 JULIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS**

Die sirkelgang van die lewe

Eksodus 3:1-15

**AANDDIENS**

Angstig vir die Goliatte van ons tyd

1 Samuel 17

**PREKE OP DIE WEB**

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie.
Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

**DEURKOLLEKTE**

Geen

## EREDIENSTE TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE

| | | | 7 Julie (Doop) | | 14 Julie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Dr. Bruwer | 3 | Ds. Duvenhage | 4 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Geen diens | - | Ds. Potgieter | 6 |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Geen diens | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aand | Ds. Visagie | 12 | Ds. Duvenhage | 11 |

## BEVESTIGING PHILIPP DIETMANN 14 JULIE

Philipp Dietmann word op Sondag 14 Julie om 09:00 tydens die oggenddiens as tentmakerleraar van die gemeente bevestig. Lidmate word uitgenooi om die geleentheid by te woon. Neem asb. ook kennis dat daar geen meditatiewe diens op 14 Julie sal wees nie.

## VERANDERING VAN DIE LITURGIESE RUIMTE

Die kerkraad het in 2018 besluit om die liturgiese ruimte (die ruimte voor en rondom die preekstoel) meer prakties en veeldoelig in te rig. Dit sal die moontlikheid bied om die klavier en orrel volgens die behoefte van die verskillende eredienste te verskuif. Verskeie argitekontwerpe is oorweeg. Om onkoste so laag as moontlik te hou, behartig die gemeente se nutsman, 'n ervare skrynwerker, die meeste van die werk self onder toesig van die argitek en 'n bouer. Die projek word in fases aangepak, waarvan die eerste was om die klankkaste op die rand van die liturgiese ruimte te verwyder, die klankkabels te herlei en om die kansel te verwyder.

Indien u navrae het, kontak gerus enige van die gemeenteleraars.

## DOOP VANDAG

- Rihan en Liesel van Wyk, Richelieustraat 11, laat doop vir Zoey van Wyk.
- Francois en Jeanne-Lu Vermeulen, Stepping Stones 35, laat doop vir Isabeau Susan Vermeulen.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil lees, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoon-nommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/ gemorspos word gestuur nie.

## ONS GEMEENTEBELYDENIS

**Ons glo: Jesus, ons Verlosser leef:**

In die een God: Vader, Seun en Heilige Gees.

In Christus, wat deur die geloof en uit genade ons Verlosser is.

In die Bybel: die Woord van God in mensetaal.

In die algemene kerk van Christus waarvan ons deel is en spesifiek deel van die kerke wie se geloof verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid en in die Belydenis van Belhar.

**Ons streef: om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense heen uit te reik:**

Na mekaar in ons geloofs-gemeenskap.

Na mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap.

Na mense in ons land en die wêreld.

Na moederaarde en alle vorme van lewe.

**Ons leef: as getuies en volgelinge van Christus:**

Nader aan God.

Nader aan mekaar.

Om 'n verskil in die wêreld te maak.

Om voortdurend te vernuwe.

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### BREIGROEP

Ons ontmoet weer op Maandag 5 Augustus om 09:30 in die kafeteria. Bring jou brei– en hekelwerk saam. Nuwe lede is baie welkom.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Eloïse Snyman, gebore 31/12/1985 en oorlede op 29/06/2019. Eloïse het grootgeword in Stellenberg-gemeente en was as tiener en jong volwassene 'n meelewende en geliefde lidmaat van die gemeente. Sy het na die voltooiing van haar matriekjaar ook 'n diensjaar by die gemeente afgelê en was 'n bekende gesig op gemeente-uitreike. Haar roudiens is op 5 Junie in die kerk gehou. Ons opregte meegevoel met haar eggenoot, Nicky Green-Thompson, haar ouers Chris en Lätitia, Rayslot 12, asook haar twee broers wat sy agterlaat.

## TERUGVOER OOR UITREIKE

Ons laaste twee uitreikspanne het Vrydag 5 Julie vanaf Calitzdorp en die Transkei teruggekeer. Ons is dankbaar vir geslaagde en baie geseënde uitreike wat in Leeu-Gamka, Beaufort-Wes, Tranksei en Calitzdorp plaasgevind het. Alle eer aan ons Hemelse Vader wat spanne se werk geseën het en groot dank aan al ons uitreikers vir hulle tyd, energie en liefde wat hulle met minderbevoorregte gemeenskappe gedeel het.

## ONTVANG GEMEENTENUUS ELEKTRONIES

Indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, stuur asb. 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za sodat jou e-posadres op die verspreidingslys geplaas kan word.

## VROUE-WEGBREEK

Teken die datum vir ons vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Khwa Ttu, naby Yzerfontein, in jou dagboek aan. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za. Volledige inligting sal volg.

## RETRAITE VIR MANNE 30 AUG - 1 SEPT

**Wortelgat 30 Aug. tot 1 Sept.:** Die datum vir die retraite is verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag gebots het. Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op 11 en 18 Julie nie.

EDELWEISS ACVV DIENSTAK

SNOEKBRAAI
19 Julie 2019
Vars Weskussnoek, patat, tuisgebakte brood en korrelkonfyt R60 per persoon.
Kaartjies is by Edelweiss se Ontvangs beskikbaar.

## STELLENBERG FINANSIES

Die gemeente se werksaamhede is afhanklik van finansiële bydraes deur lidmate en ons vertrou dat alle lidmate bereid is om ook op 'n finansiële wyse by te dra tot die gemeente se visie en bedienings.

Jy kan jou bydrae maandeliks op die volgende wyse gee:

- **Debietorder:** Vra die vorm by die kerkkantoor aan, of stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za, of laai dit van www.stellenberg.co.za af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.
- **Bankkollekte:** Gee jou bydrae tydens eredienste met die opneem van kollekte.

## RAAK BETROKKE

- **Kafeteria:** Diensspanne is ongeveer twee keer per kwartaal vanaf 09:30 tot 11:00 aan diens. Jy hoef nie skottelgoed te was nie. Kontak Lindy: lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.
- **Teetuin:** Gratis tee en koffie word op 'n selfhelpbasis bedien, maar geen eetgoed nie. Kontak Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om hulp aan te bied.
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om op aflosbasis behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.
- **Omgeekombuis:** Lidmate wat bereid is om een Donderdagoggend per maand in die grootsaalkombuis kos te kook vir mense in nood, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### SNAPSCAN SKANDERINGSKODE